SUID AFRIKAANSE JAGTERS EN WILDBEWARINGSVERENIGING

ROOIJAKKALS SKIETTABEL

DOEL

Die doel van hierdie tabel is om die SAJWV lid geleentheid te bied om sy probleemdier jagwapens binne die bepalings en voorwaardes van hierdie tabel te gebruik om hierdie spesifiek jagvaardigheid te skool en te onderhou. Die feit dat daar na ’n jakkals teiken geskiet word en dit algemeen aanvaarbare praktyk is dat enige raakskoot suksesvol is dit opgeweeg teen jagetiek dat die jagter ’n humanitêre doodskoot moet bewerkstellig vandaar die telling toedeling.

WEDSTRYDREëLS

Bepalings

1. Alhoewel die wedstryd ontwerp is vir sogenaamde “varmint” jaggewere kan enige wapen wat wettig vir hierdie doel gebruik mag word wat senterslag ammunisie afvuur daarvoor aangewend word.
2. Gebruik van skiet hulpmiddels is toelaatbaar en kan die wapen voor en agter die sneller ondersteun word.
3. Die wedstryd vind plaas oor 300m
4. Geen teleskoop beperking word daargestel nie.
5. Maksimum aantal telbare skote is 5
6. Wanneer die skut die oefening voltooi het kan hy terugstaan as die wapen leeg en toegerus is met sy veiligheidsvlaggie in die kamer en of slot in oop posisie.
7. Die tyd word per oefening beperk op 120 sek.
8. 100m inskiet, instel en of bevestiging van trajek en zero stelling word geakkommodeer en voor voorsiening gemaak voor aanvang van die oefening, skuts moet egter verseker dat hul wapens akkuraat en ingestel is voor aanvang van die enige kompetisie en dit is wenslik om oor hulpmiddels te beskik om waarneming mee te kan doen.
9. Voorgeskrewe teiken is die SAJWV jakkals teiken, kyk voorbeeld vir tel areas.

Oefening

1. 300m vanuit enige posisie en met behulp van toepaslike hulpmiddel skiet 5 skote op jakkals teiken (Maks punte 150)
2. Oefening totaal 150 punte en toekennings soos volg
    a. Goud- 120
    b. Silver- 105
    c. Brons - 90


-5/skoot wat teiken total mis
10
30
20
5 waarde vir enige skoot op res van teiken